**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES:**

Lees asseblief die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat jy begin skryf:

- Moenie probeer om deur die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE en merk die vrae wat van toepassing is op die voorgeskrewe werke wat jy bestudeer het.
- Jy moet VYF vrae in totaal beantwoord.
- Moenie die voorgeskrewe lengte by opsteltipe vrae verontagsaam nie.
- Gebruik die puntetoekenning as aanduiding van die verwagte lengte van antwoorde op kontekstuele vrae.
- Spasieer asseblief die kontekstuele vrae se antwoorde deur in die middel van die bladsy te nommer.
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die vraagnommers.
- Netjiese en geordende werk sal in jou guns tel.

---

**INHOUDSOPGAWE**

Jy moet ? totaal van VYF vrae vir 100 punte beantwoord.

- AFDELING A: Drie gedigte (Een onvoorbereide gedig en twee voorbereide gedigte). (40)
- AFDELING B: Een dramavraag. (30)
- AFDELING C: Een prosavraag. (30)

**[100]**

## AFDELING A
## POËSIE

**ONVOORBEREIDE GEDIG**
**VERPLIGTEND**

Beantwoord **óf** die kontekstuele vrae (Vraag 1) **óf** die paragraaftipe vraag (Vraag 2).

| | | **Bladsy** | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 1 | *Windows* (Antjie Krog) | 5 | (10) |
| **OF** | | | |
| VRAAG 2 | *Vryheid* (Joan Swart) | 6 | (10) |
| | | | **(10)** |

**EN**

**VOORBEREIDE GEDIGTE**

Beantwoord enige TWEE vrae van jou keuse uit die volgende voorgeskrewe gedigte.

| | | **Bladsy** | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 3 | *Met ? bossie bergblomme* (Breyten Breytenbach) | 7 | (15) |
| VRAAG 4 | *Hippie* (W. Strockenström) | 9 | (15) |
| VRAAG 5 | *Ballade vir die onwaarskynlike seun* (Antjie Krog) | 10 | (15) |
| VRAAG 6 | *Die Here het gaskommel* (Adam Small) | 12 | (15) |
| | | 2x15= | **(30)** |

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

## AFDELING B
## DRAMA

***Die keiser* – Bartho Smit**

- Beantwoord Vraag 7 (kontekstuele vrae) **óf** Vraag 8 (paragraaftipe vrae). Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae (Vraag 7) beantwoord, **móét** jy die paragraaftipe vraag in Afdeling C beantwoord of andersom.
- Hierdie afdeling tel 30 punte.

| | | **Bladsy** | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 7 | (Kontekstuele vrae) | 13 | (30) |
| VRAAG 8 | (Paragraafvraag) | 16 | (30) |

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

AFDELING C
**PROSA**

- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vrae (Vraag 7) beantwoord het, **móét** jy die paragraaftipe vrae in Afdeling C beantwoord en andersom. Indien jy nie hierdie voorwaarde nakom nie, sal jy GEEN punte vir Afdeling C verdien nie.
- Dit is verder ook belangrik om die vraag te kies wat van toepassing is op die betrokke roman wat jy behandel het.

**KONTEKSTUELE VRAE**

| | | **Bladsy** | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 9 | *Kringe in ? bos* (Dalene Matthee) | 17 | (30) |
| VRAAG 10 | *By fakkellig* (Karel Schoeman) | 19 | (30) |
| VRAAG 11 | *Fiela se kind* (Dalene Matthee) | 22 | (30) |
| VRAAG 12 | *Toorberg* (Etienne van Heerden) | 25 | (30) |

**OF**

**PARAGRAAFTIPE VRAE**

| | | **Bladsy** | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 13 | *Kringe in ? bos* (Dalene Matthee) | 27 | (30) |
| VRAAG 14 | *By fakkellig* (Karel Schoeman) | 28 | (30) |
| VRAAG 15 | *Fiela se kind* (Dalene Matthee) | 29 | (30) |
| VRAAG 16 | *Toorberg* (Etienne van Heerden) | 30 | (30) |

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL VIR DIE VRAESTEL: 100**

**KONTROLEER ASSEBLIEF:**

Jy moet ? totaal van VYF vrae vir 100 punte beantwoord.

– 3 gedigte
– 1 dramavraag
– 1 prosavraag

EEN stel kontekstuele vrae en EEN paragraafvraag moet uit Afdeling B en C beantwoord word.

AFDELING A
**POËSIE**

**ONVOORBEREIDE GEDIG**
**VERPLIGTEND**

Beantwoord **óf** die kontekstuele vrae (Vraag 1) **óf** die paragraaftipe vraag (Vraag 2).

**VRAAG 1**
**KONTEKSTUELE VRAE**

***Windows 2000* – Antjie Krog**

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**WINDOWS 2000**

die aarde hang onklaar
en as die wind opkom
staan die kind in Kloofstraat met sy tas
kindertjie myne! Roep ek hom aan
daar waar my hart die digste klop

soos altyd is ek elders
en dink hom om tot amandels
amandels wat ophaal armsvol gepelde lig
ek trek sy fluistering ná in my matrys van bloed

die kind sku ingedoke oor die straat
dun langbenig lomp soos ? oopklapleer
ortodonties kwyl hy teen die wind

dis ek
dis ma hier
sy oë staan op die punt om my te verlaat
die wind seur oor die berg
die wind splint van hom af al wat kind is
die aarde lê onklaar

ek verdig rondom hom
verby alle skuld alle drome alle verwagtinge
verdig ek om hom heen

want ek het hom lief
so way
way anderkant my hart

**Antjie Krog**
**Uit: *Kleur kom nie alleen nie* (Kwela, Kaapstad, 2000)**

1.1 Wie is die ek-spreker in die gedig? (1)

1.2 1.2.1 Word "skuld" (r.20) letterlik of figuurlik gebruik? (1)

1.2.2 Motiveer jou standpunt. (1)

1.3 Deur middel van herhalings word daar eenheid in die gedig geskep. Watter natuurelement word in die gedig herhaal? (1)

1.4 Wat is die funksie van die uitroepteken in r.4? (1)

1.5 Verduidelik wat die spreker bedoel met "…is ek elders" (r.6). (1)

1.6 Waarop dui die titel? (1)

1.7 Verduidelik wat die woord "... verdig …" (r.19 – 21) beteken. (1)

1.8 Watter progressie is te bespeur tussen r.1 en r.18? (1)

1.9 Wat is die funksie van die vergelyking in r.11? (1)
**[10]**

**OF**

**VRAAG 2**
**PARAGRAAFTIPE VRAAG**

***Vryheid*** **– Joan Swart**

Bestudeer die onderstaande gedig en skryf in reaksie daarop ? opstel van 120 – 150 woorde waarin jy veral aandag gee aan die volgende aspekte. Onthou om die antwoord deurgaans aan die hand van die gegewe gedig te verhelder. Beplan die antwoord en skryf in paragrawe.

- Verduidelik hoe die titel direk aansluiting vind by strofes 1, 2 en 3.
- Spreek jou kortliks uit oor die gebruik van personifikasie in strofes 1, 2 en 3.
- Spreek jou kortliks uit oor die leestekengebruik in die gedig.
- Spreek jou kortliks uit oor die tipografie van die laaste strofe en die moontlike funksie daarvan.
- Dui aan of jy met "die mens" se siening van vryheid in r.18 – 23 saamstem; en lug dan jou eie mening oor vryheid. **[10]**

***Vryheid***

die son
lig sy skitterblink kop skugter en antwoord:
    vryheid is geelgoud strale
     wat in die more gly
     oor die nog slapende
          see

7 die veld
8 wuif sy groen grasarms vrolik en sê:
9 vryheid is ? ongebonde kwagga
10 al spelende galoppend
11 deur vol blonde
12 koringlande

13 die kranse
14 glimlag donker-misterieus en verkondig strelend:
15 vryheid is aanhuppelende branders
16 wat lui klots teen uitgekerfde
17 rotsgletsers

18 die mens
19 skud sy kop met oordrewe finaliteit
20 en sê:

21 vryheid
22 bestaan
23 nie.

**Joan Swart**

**Uit: *Poort*, ? Keur uit die werk van hoërskoolleerders – uitgesoek deur prof. Rena Pretorius, dr. Lina Spies en dr. N.I. Snyman van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1984, Kaapstad: Nasou Bpk.**

**EN**

## VOORBEREIDE GEDIGTE

Beantwoord enige TWEE van die volgende vier vrae (Vraag 3 tot 6).

## VRAAG 3

***Met ? bossie bergblomme* – Breyten Breytenbach**

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

***Met ? bossie bergblomme***

1 nederige blomme van ? vreemde berg
2 vir jou verjaarsdag
3 sodat jy berghelder kan lag
4 en jou hande kan klap by die venster

5 pers blomme – die angeliere van dwerge-
6 om ons huis se skaduwees te terg,
7 skurwe klein kelkies van kyk
8 wat die wind en die vog in hul dra

9 hulle brand net vir jou
10 want jy is mos jarig,
11 hulle geur net vir jou
12 hulle berge soet geur

*oeilets du poéte*: klein oë van die digter,
en as jy lank genoeg daarín kan kyk
sal hulle nog dieper en vuriger blom, verryk
tot die vlerke waarmee jy óór die skaduwees gaan vlieg
na die vreemde berge deur die venster

**Breyten Breytenbach**
**Uit: *Huis van die dowe* (Human en Rousseau)**

3.1 Waaruit kan ? mens die afleiding maak dat die aangesprokene vroulik is? (1)

3.2 Watter woord in r.1 sluit aan by bossie in die titel? (1)

3.3 Watter sintuig word betrek in r.11? (1)

3.4 Wat is die funksie van die parentese in r.5? (1)

3.5 Waarom is "… hande … klap" (r.4) ? gepaste handeling binne die gedigkonteks? (1)

3.6 Waaraan word die blomme gelykgestel in r.9? (1)

3.7 Wat is die moontlike rede waarom die gedig sonder enige leestekens eindig? (1)

3.8 Wat wil die spreker beklemtoon deur die herhaling van die voornaamwoorde **jy** en **jou** in strofe 3? (1)

3.9 Verduidelik waarom die gebruik van die dubbelpunt in r.13 noodsaaklik is. (1)

3.10 3.10.1 Verduidelik wat bedoel word met "verryk" (r.15). (1)

3.10.2 Watter ander woord in r.15 sluit hierby aan? (1)

3.11 Watter klank wat herhalend in r.7 voorkom, suggereer die mooiheid van die blomme? (1)

3.12 Noem die menslike eienskap wat aan die blomme toegedig word in strofe 2. (1)

3.13 3.13.1 Watter vermoë van die digter word met die woord "oë" gesuggereer (r.13)? (1)

3.13.2 Hoe gebruik digters daardie vermoë genoem in 3.13.1? (1)
**[15]**

**OF**

## VRAAG 4

***Hippie*** **– W. Stockenström**

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

***Hippie***

Hy groei
plantaardig uit ? stoel voor ? kafee,
? pers flap, na binne luisterend, na
voetstappe in die kelk, muskietsag,
geslote gemoeid met reis om homself.

Hy slaan
? pap handsak oor sy fraiingskouer.
Om huise se kombuise binne teval
sommer saam met die son en die vlieë.
Om gestrand te raak op die rand
van ? stoep, voete in die malvas.
Tot ontsetting van die tuinspinnekop.

Hy onthou
die sinkomheinde werf waar uitgepofte
hoenders slaap om ? verbitterde bloekom.
Baie oumense dut daar. Hulle kraak.
Hulle oë gaan oop soos kwaste in hout,
en sien nie die hobbeltjie kind wat die pad
vat wat wip oor die blindewit duine
en krink om die pofadder se juwelehuis
van sewejaartjies: kleislang in ? kindertuin.

En voort
duimgooi hy na miskien ? genommerde
kamer met ? Gideonsbybel, miskien die ru
bouval van ? malman op ? afgrond, of
die binnevlerksagtheid van ? woud.

En hy skiet
ghrieskleurige hare uit ? apostelgesig
en loop om die tyd in te haal
wat hom vergeet het.

**W. Stockenström**
**Uit: *Spieël van water* (Human en Rosseau)**

4.1 Die hippie word vergelyk met ? plant in strofe 1. Watter woord in r.4 sluit aan by die plantbeeld? (1)

4.2 Watter woord in strofe 4 dui op die onsekere lewe van die hippie? (1)

4.3 Haal ? frase of woord uit strofe 1 aan wat moontlik op dwelmmisbruik sinspeel. (1)

4.4 Watter versreël in strofe 2 is ? raak beskrywing van die beeld van ? tipiese hippie? (1)

4.5 Wat suggereer die beginreëls van elke strofe ten opsigte van die hippie? (1)

4.6 Wat wil die spreker aan ons tuisbring met die vergelyking in r.17? (1)

4.7 In watter opsig toon die **hoenders** (r.15) en die **oumense** (r.16) ? ooreenkoms? (1)

4.8 Waarom, volgens jou mening, herroep die hippie "die sinkomheinde werf" (r.14)? (1)

4.9 Watter klank kom herhalend in r.7 – 9 voor? (1)

4.10 In strofe 2 is die plantwêreld en die stadswêreld ter sprake. Skryf ? frase neer wat verteenwoordigend is van die stadswêreld. (1)

4.11 Wat, volgens r.29 – 30, is die doel van die hippie se reis? (1)

4.12 Wat is ironies aan die hippie se apostelskap (r.28)? (2)

4.13 Word die hippie volgens jou mening te negatief in die gedig uitgebeeld? Motiveer jou standpunt. (2)

**[15]**

**OF**

**VRAAG 5**

***Ballade vir die onwaarskynlike seun*** **– Antjie Krog**

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

***Ballade vir die onwaarskynlike seun***

as ek eendag ? seun het
sal ek hom ronsard noem
omdat die naam alreeds ? groot blonde man vermoed
? man met die ruimte van twee stede in sy ligte oë
met die teerheid van dae wat grysrooi oor die vlakte breek
? man met hande wat my gesig omskulp
saans as hy kom groet

as ek eendag ? seun het
sal ek hom ronsard noem
want ronsard suggereer alreeds sy bruin lag
soos van feeste op tropiese eilande
sy blonde baard
en die sekerheid van sy rug
wat dag na dag die son oor die aarde abba

as ek eendag ? seun het
sal ek hom ronsard noem
en sy naam skryf saans as die voëls watertrek
en ek alleen in die skemer sit
wagtend dat sy gestalte my deurkosyne vul.

**Antjie Krog**
**Uit: *Januarie-suite* (Human en Rousseau, Kaapstad)**

5.1 5.1.1 Watter kenmerkende eienskap van ? ballade is opvallend in die beginreëls van elke strofe? (1)

5.1.2 Gee ? voorbeeld hiervan uit die gedig. (1)

5.2 Watter WOORD in die eerste reël sluit aan by onwaarskynlike in die titel? (1)

5.3 Watter ander voorgeskrewe gedig wat jy gedurende die jaar bestudeer het, veronderstel ook die onwaarskynlike? (1)

5.4 Watter verstegniese middel gebruik die digter in r.7 om die seun se fisiese teenwoordigheid uit te hef? (1)

5.5 Watter verband is daar tussen die woord **want** (r.10) en **omdat** (r.3)? (1)

5.6 Watter twee woorde vorm volgens jou mening die kern van strofe 3? Motiveer jou keuse. (3)

5.7 Skryf ? frase in strofe 1 neer waar Ronsard se handeling sy teerheid illustreer. (1)

5.8 Reël 7 en r.18 verskil vormlik (uiterlik) asook betekenisgewys (innerlik) van mekaar. Dui aan in watter opsig die reëls betekenisgewys verskil. (2)

5.9 Noem EEN uiterlike karaktertrek van Ronsard wat in strofe 2 uitgebeeld word. (1)

5.10 Waarom, dink jy, is die naam Ronsard so belangrik vir die spreker? Verduidelik volledig. (2)

**[15]**

**OF**

## VRAAG 6

***Die Here het gaskommel*** **– Adam Small**

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

***Die Here het gaskommel***

Lat die wêreld ma' praat pêllie los en vas
? sigaretjie en ? kannetjie Oem Tas
en dis allright pêllie dis allright
ons kan nie worry nie

? sigaretjie en ? kannetjie Oem Tas
en ? lekker meid en lekker anner dinge
oe!
lat die wêreld ma' praat pêllie los en vas
wat daarvan
wat daarvan
wat maak dit saak
soes die Engelsman sê it cuts no ice
die Here het gaskommel
en die dice het verkeerd geval vi' ons
daai's maar al

so lat hulle ma' sê skollie pêllie
nevermind
daar's mos kinners van Gam en daar's kinners van Kain
so dis allright pêllie dis allright
ons moenie worry nie

**Adam Small**
**Uit: *Kitaar my kruis* (Haum Literêr)**

6.1 Die gedig is ? voorbeeld van praatpoësie. As die spreektaal in ag geneem word, waar in Suid-Afrika sal jy die spreker aantref? (1)

6.2 Skryf die frase in r.6 ... **? lekker meid …** oor in Standaardafrikaans. (1)

6.3 6.3.1 Wat is die funksie van die alleenplasing van **oe** in r.7? (1)

6.3.2 Watter ander uitheffingstegniek word in r.7 aangewend? (1)

6.4 6.4.1 Elisie is die uitlating van ? klinker of medeklinker in ? woord. Gee ? voorbeeld van elisie in r.14. (1)

6.4.2 Wat is die funksie van hierdie elisie? (1)

6.5 Watter gedagte word in r.17 beklemtoon? (1)

6.6 Noem DRIE dinge waaraan die spreker en sy maat hulle vergryp. (3)

6.7 Die verse lees lekker en is sangerig. Watter stylfiguur bring hierdie sangerigheid teweeg? (1)

6.8 6.8.1 In watter opsig verskil r.20 betekenisgewys van r.4? (1)

6.8.2 Wat suggereer hierdie verskil van die spreker se houding? (1)

6.9 Stem jy saam met die spreker se standpunt in r.13 – 14 dat dit deel is van God se wil dat sommige mense swaarkry? Motiveer jou standpunt. (2)

**[15]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

AFDELING B

**DRAMA**

***Die keiser* – Bartho Smit**

- Beantwoord Vraag 7 (kontekstuele vrae) **óf** Vraag 8 (paragraaftipe vraag).
- Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae (Vraag 7) beantwoord, **móét** jy die paragraaftipe vrae in Afdeling C (Prosa) beantwoord of andersom.
- Hierdie afdeling tel 30 punte.

**KONTEKSTUELE VRAE**

**VRAAG 7**

Bestudeer die volgende teksgedeelte uit die drama en beantwoord die daaropvolgende vrae.

| | |
|---|---|
| KEISER: | Waar krý julle soveel goud? Ek dag ons beskawingsprogram vir die volk het ons skatkiste leeggemaak... |
| KULTUUR: | Dit kom uit ons myne uit, U Majesteit. |
| KEISER: | Het daar darem nog iets oorgebly vir die toekoms? |
| KULTUUR: | Natuurlik, U Majesteit. |
| HOFNAR: | Ons land is vrót van die goud, my Kroon. |
| KEISER: | Ek sien. (*Hy loop terug na sy troon; die Keiserin ook).* Beskawingsprogram? |
| KULTUUR: | Vorder volgens plan, U Majesteit. |
| KEISER: | Is almal al gevoed en gekleed soos óns? |
| KULTUUR: | Hulle het meer as wat hulle nodig het, U Majesteit. |
| HOFNAR: | Loop sommer broek oor die skouer en skoene in die hand, my Kroon. Kry glo te warm. |
| KULTUUR: | Hy oordryf, U Majesteit. Daar is van hulle wat kla hulle kry te warm; en party van hulle verruil die klere aan die mense oorkant ons grense; maar... |
| KEISER: | En hoekom weet ek niks hiervan nie? |
| HOFNAR: | My Kroon is glo ? idealis en ? dromer. |
| KEISER: | (*aan Kultuur*): So? |
| KULTUUR: | U is die grootste keiser wat vandag leef, U Majesteit. |
| MAARSKALK: | Presies. |

DIPLOMAAT: Die hele wêreld praat al van u as die Heilige Keiser.
KEISER: Heilig...?
DIPLOMAAT: Ja, U Majesteit – oor alles wat u gedoen het om die volk uit sy slawerny en armoede te bevry en op te hef.
KULTUUR: Daarom wil ons u nie belas met onbenullighede nie.

************************************

KEISERIN: Hoe dúrf jy sê ons lieg?!
HOFNAR: Met respekte, my Kleinkroon.
KULTUUR: So – en dan lieg Sy Majesteit seker ook? Want hý sien die klere!
DIPLOMAAT: Sulke vermetelheid!
MAARSKALK: Sal ek hom laat arresteer, U Majesteit?
KEISER: Wag, Maarskalk... Kan jy bewys dat die ander lieg, Nar?
HOFNAR: Ek kan probeer, my Kroon.
KULTUUR: U Majesteit...
KEISER: Stil. (*Aan die Nar*): Gaan voort.
HOFNAR: Korporaal...
MAARSKALK: (*duidelik bekommerd*) Wie's jou Korporaal?!
HOFNAR: Hoeveel knope het my Kroon se onderbaadjie?
KULTUUR: Agtien, U Majesteit – soos u self ook al gesien het.
HOFNAR: Ek het vir die Korporaal gevra!
MAARSKALK: Asof ek nie tot by agtien kan tel nie.
KULTUUR: ? Onbekwame nar, U Majesteit.
MAARSKALK: Wat u om elke hoek en draai bedrieg.
KEISERIN: Ek is geskók, Majesteit.
MAARSKALK: Moet ek hom laat arresteer...?
KEISER: Los hom. Wat maak dit saak of hy bekwaam of onbekwaam is? Hy's maar net ons Nar.

****************************************

(*Die Keiser trek nadenkend sy kamerjas aan. Die Nar wag in spanning).*
KEISER: Dink jy húlle sien die klere?
HOFNAR: Hulle sien g'n stúk klere nie, my Kroon; hulle lieg ook.
KEISER: Ek het hulle probeer uitvang – maar hulle het elke keer gewéét wat ek aanhet of nie aanhet nie. Hoe verklaar jy dít?
HOFNAR: En nou meen my Kroon daar ís dalk klere, en dis net óns twee wat dit nie kan sien nie?
KEISER: (*moedeloos*): Ek weet nie, Nar. Ek weet nie meer wát om te dink nie. Ek het my al suf gedink vannag. Jy sien – ek sou miskien nog kon glo dat ons nuwe Buitelandse Sake kan lieg oor die klere. Hy's nog jonk en voortvarend. Maar ou Kultuur, en die Veldmaarskalk – en die Keiserin... Hoekom sal hulle daaroor lieg?

7.1 Na wie verwys **julle** in r.1? (1)

7.2 Haal ? woord in r.1 – 3 aan wat die belangrikste probleem rakende die Keiser se regeringstyl uitspel. (1)

7.3 Verduidelik kortliks die Nar se sarkastiese opmerking in r.6. (1)

7.4 In watter opsig stem die gebruik van die ellips in r.34 ooreen met die gebruik van die ellips in r.16? (1)

7.5 Wat is ironies aan die Keiser se vraag in r.17? (1)

7.6 Watter gevoel word met behulp van die leestekens in r.23 uitgedruk? (1)

7.7 Die Nar dien die Keiser op verskillende wyses in die drama. Watter rol vervul die Nar in r.18? (1)

7.8 Noem EEN rede waarom die beskawingsprogram (strydig met Kultuur se antwoord in r.9) nie volgens plan verloop nie. (1)

7.9 Wat is die rede vir die Kabinet se lofpryse in r.20 – 22? (1)

7.10 Op watter wyse sluit r.17 by r.26 aan? (2)

7.11 Beskou jy Diplomaat se uitlatings in r.24 – 25 as leuens? Motiveer. (2)

7.12 7.12.1 Watter emosie toon die Keiserin teenoor die Nar in r.27? (1)

7.12.2 Noem een tegniek wat hier gebruik word om die Keiserin se gevoel weer te gee. (1)

7.13 Die Nar spreek die Keiserin as **my Kleinkroon** (r.28) aan.

7.13.1 Watter gevoelswaarde spreek uit hierdie aanspreekwyse? (1)

7.13.2 Hoe spreek die Nar onderskeidelik vir (a) Diplomaat en (b) Kultuur aan? (2)

7.13.3 Watter gevoelswaarde is geleë in die Nar se aanspreekwyse vir Kultuur? (1)

7.14 Wat is die funksie van die eenwoordsin in r.35 “Stil”? (1)

7.15 Wat lei jy af uit die Keiser se woorde in r.46 – 47 oor sy houding teenoor die Nar? (1)

7.16 Wat is die rede vir Maarskalk se bekommernis in r.37? (1)

7.17 Verduidelik die ironie in Maarskalk se woorde in r.43. (1)

7.18 Noem TWEE van die onderliggende temas in die drama wat uitgelig word in r.29. (2)

7.19 Watter woord in r.48 kan ? aanduiding wees van innerlike konflik wat die Keiser ervaar? (1)

7.20 Watter innerlike konflik ervaar die Keiser in r.55 – 59? (2)

7.21 Dink jy die Keiser se houding is geregverdig om meer vertroue in die Nar as in die Keiserin te hê (r.49 – 59)? Motiveer jou standpunt. (2)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 8
## PARAGRAAFTIPE VRAAG

***Die keiser* – Bartho Smit**

8.1 Die Keiser het goeie bedoelinge gehad om sy volk te voed en te klee, en om Ekwator die beskaafste land ter wêreld te maak; dog hy was omring met mense wat sy gesag ondermyn en hom mislei het. Bespreek in 300 – 400 woorde in watter opsigte die volgende karakters die Keiser mislei het en/of sy gesag ondermyn het:

- § Kultuur
- § Maarskalk
- § Diplomaat
- § Die Wewer
- § Die Keiserin
- § Die Kamerheer
- § Gee ook jou eie mening in watter mate die Keiser self bygedra het dat sy goeie bedoelinge in 50 jaar nooit verwesenlik kon word nie. (20)

8.2 Armoede en verhongering, oorname van ? regering deur middel van geweld, verkwisting van staatsgeld, korrupsie en miskenning van menseregte is aktuele wêreldwye probleme.
In die drama ***Die keiser***, word hierdie probleme aangespreek.
Bespreek in 180 – 200 woorde hoe hierdie probleme tot uitbeelding kom in ***Die keiser***. (10)
**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C
## PROSA

- In hierdie afdeling moet jy EEN vraag beantwoord.
- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vrae (Vraag 7) beantwoord het, **móét** jy hier die paragraaftipe vrae in Afdeling C beantwoord of andersom.
  Indien jy nie hierdie voorwaarde nakom nie, sal jy GEEN punte vir Afdeling C verdien nie.
- Beantwoord slegs die vraag oor die roman wat jy vanjaar behandel het.
- Hierdie afdeling tel 30 punte.

### KONTEKSTUELE VRAE

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 9 | *Kringe in ? bos* (Dalene Matthee) | (30) |
| VRAAG 10 | *By fakkellig* (Karel Schoeman) | (30) |
| VRAAG 11 | *Fiela se kind* (Dalene Matthee) | (30) |
| VRAAG 12 | *Toorberg* (Etienne van Heerden) | (30) |

## VRAAG 9

***Kringe in ? bos*** **– Dalene Matthee**

Bestudeer die volgende teksfragment uit die roman en beantwoord die daaropvolgende vrae.

***Kringe in ? bos***

"Ek is Joram Barnard se seun, oom. Ons kos is amper op, oom. My pa sê…

*"Mister* MacDonald! Jy's nie nou in die Bos nie en jy praat ook nie met ? boswerker nie. "Wat is jou pa se naam?" Nie botaf nie. Ongeskik.

"Joram Barnard, mister. Ons het laas waenhout gebring. Dis ons wat nog op die kis geskuld het," het hy verskrik afgerammel en die eintlike woorde wat hy uitgedink het, vergeet. "Toe sê mister ons moet gaan dwarslêers werk en ons werk dwarslêers en Pa het gesê ek moet vir mister sê ons bring ? vol vrag uit. Voor die end van die maand."

"Joram Barnard, sê jy?"

"Ja, mister. As mister ons net met ? goodfor kan help tot dan toe. Pa het gesê…"

Maar sy asem wou nie verder nie; agter MacDonald, met ? voetpad wat deur die lang gras oopgetrap was bo van die groot huis af, het twee meisiekinders aangestap gekom en die voorste een was die een wat soos ? engel lyk en wat by die wa gestaan het… As hy net ? hoed had om voor sy gesig te druk…

"Hallo, Daddy!" roep die meisiekind toe hulle deur die hekkie kom, en waai vir MacDonald.

"Go home, Kate! Take Mary home and stay there!" het MacDonald met hulle geraas en by die skuur ingeloop. Hy het nie gesien dat die meisiekinders nie vir hom luister nie en reguit na hóm toe aankom nie!

"Hallo!" kom sê sy sonder skroom en reg voor hom. "Was dit dan nie jy wat die ander dag op die wa gesit het nie?"

As hy net ? hoed had!

"Ek het gewonder wanneer julle weer kom hout aflaai. Het jy al ? olifant gesien?"

*********************

Tussen hom en sy pa was ? hek wat nooit wou oop nie. Hulle moes met die hek tussen hulle leef omdat die een nie na die ander se kant wou oorklim nie. Ten einde het hy omgedraai en weggestap; diep in sy hart het hy egter geglo dat hy eendag sou teruggaan en vir Joram Barnard gaan wys waarvoor hy omgedraai het. Soms, wanneer sy gedagtes geloop het waar hulle wil, het hy hom voor sy pa sien staan, nie ? verlore seun wat berouvol teruggekom het nie, maar een wat kom sê: Hier is ek, Pa, kyk na my! Kan Pa nou sien waarom ek moes wegdraai? Alle houtkappers is nié wild en vuil nie en hulle kinders ook nie. Ek het dit bewys! Ek móés dit bewys, Pa.

Nou sou daardie hek nooit oopkom nie; Joram Barnard het een boom te veel gekap.

Hy het opgestaan en na Maska toe geloop. "Hoe het jy geweet ek is hier?"

"Ek weet nog al die jare lat jy hier is. Die eerste winter het ek al geweet waarlat jou skerm is – ek sien jy het hom groter gemaak. Amper nes ? huis."

"Van die eerste winter af?" het hy verstom gevra.

"Ja. Jou pa het my gestuur om te kom kyk waar jy is en of dit reg gaan met jou."

Dit was die laaste keer dat Saul Barnard gehuil het.

Hy het nie by die begrafnis gehuil nie. Daar het Jozef en Izak en Magdalena en oom Anneries gehuil. Hy het eenkant gestaan en skuldig gevoel omdat hy nie flenterig soos

hulle was nie en homself verwens dat hy gekom het. Hy het eers by Groot Eiland loop agterkom dat Jozef nie vir Maska gestuur het om hom te loop sê nie. Maska het dit op homself geneem om dit te doen omdat hy geglo het dit hoort so. Hy is ook onmiddellik na die begrafnis weg. ? Uur anderkant Groot Eiland het hy Oupoot gekry.

9.1 Watter aspek van die houtkappersbestaan word in r.1 waargeneem? (1)

9.2 Wat is die funksie van die ellips in r.1? (1)

9.3 Waarom is die woord "*mister"* in r.2 gekursiveer? (1)

9.4 Watter funksie het die eenwoordsin in r.3 "Ongeskik"? (2)

9.5 In r.5 word daar melding gemaak van ? "kis".

- 9.5.1 Wie het gesterf? (1)
- 9.5.2 Wat was die oorsaak van dié sterfte? (1)

9.6 Wat was MacDonald se houding teenoor Joram-hulle toe hulle die aangevraagde dwarslêers (r.6 – 8) kom aflewer? (1)

9.7 9.7.1 Gee ? gepaste sinoniem vir "goodfor" (r.10). (1)

- 9.7.2 Wie het die meeste baat gevind by die gebruik van "goodfors": die houtkopers of die houtkappers? Motiveer jou standpunt. (2)

9.8 Watter gevoel word geïmpliseer met die volgende sinsgedeeltes:

- 9.8.1 "… Maar sy asem wou nie verder nie …" (r.11)? (1)
- 9.8.2 "… As hy net ? hoed had om voor sy gesig te druk …" (r.14)? (1)

9.9 MacDonald praat Engels met die meisies (r.17). Waarom was dit vir Saul belangrik om ook Engels te kan praat? (1)

9.10 Watter karaktereienskap van Kate word in r.20 uitgelig? (1)

9.11 Beskou jy die optrede van die meisiekinders in r.18 – 19 deur nie na hul ouer te luister nie as aanvaarbare gedrag? Motiveer jou standpunt. (2)

9.12 Verduidelik die ironie in Kate se vraag aan Saul in r.23: "Het jy al ? olifant gesien?" (1)

9.13 Verduidelik die betekenis van die sin in r.24: "Tussen hom en sy pa was ? hek wat nooit wou oop nie" in jou eie woorde. (1)

9.14 Watter karaktertrek van Saul én sy pa word uitgebeeld met die woorde "… omdat die een nie na die ander se kant wou oorklim nie …" (r.25)? (1)

9.15 Watter rede het Saul na aanleiding van sy woorde in r.28 – 32 om tog berouvol te wees? (1)

9.16 Waarom “huil” Saul (r.39)? (2)

9.17 Wat word met behulp van die vergelyking in r.41 – 42 te kenne gegee? (2)

9.18 Waarom word die woord “móés” (r.32) beklemtoon? (1)

9.19 Word “geloop” in r.28 letterlik of figuurlik gebruik? (1)

9.20 Na watter gebeurtenis verwys die sin in r.33: “Joram Barnard het een boom te veel gekap”? (1)

9.21 Waarom is dit insiggewend dat Saul vir Oupoot nóú ontmoet (r.46)? (2)

**[30]**

**OF**

**VRAAG 10**

***By fakkellig* – Karel Schoeman**

***By fakkellig***

“As jy één winter meegemaak het of één hut ingegaan het, sal jou geesdrif gou verdamp,” merk David op.

Sy kniel onder die bome met haar arms vol blomme en ? ligte blos van verontwaardiging op haar wange, “Jy dink ek is ? kind,” sê sy, “dat ek oor ? paar maande weer sal omswaai en heeltemal verander. Maar ek sal nie! Ek het Ierland met my hele hart aangeneem, en ek sal dit met my hele hart liefhê!”

Haar erns is vir hom amusant, maar tog ? bietjie hartroerend: sy lyk so jonk in haar somerrokkie met haar arms vol affodille, dog hy glimlag nie. “Moenie kwaad word nie,” sê hy ; “ek is maar net sinies van aard. Miskien sal jy my nog bekeer.”

Toe lag sy weer. ”Ja, dit gee my ? doel in die lewe. ? Mens moet ? doel hê.”

“Waar het jy al jou idealisme geleer?” vra hy.

“Seker maar uit boeke, of van my vader. Hy het soveel verhewe opvattings gehad, oor slawerny en presbendes en die doodstraf. Ek onthou nog hoe hy ? heildronk ingestel het op Frankryk toe die Bastille geval het – hy het altyd so ? tien of twintig private Bastilles gehad om te bestorm.. Jý kan nou voorlopig mý Bastille wees, David: jy kan my leer om die land te ken, en ek sal jou leer om dit lief te hê.”

Sy glimlag vir hom. “Goed,” sê hy, en toe kniel hy langs haar om met met sy sakmes van die blomme vir haar af te sny.

Die affodille staan goud saamgebank in die lenteson: teen die heuwel op agter die huis waai hulle in die wind, en blom tot aan die rand van

die meer. Toe haar mandjie vol is, stap hulle voort en vergeet van die blomme.

“In die somer kan ons tee drink op die gras onder die bome,” sê sy. ”Ons kan pyl en boog skiet.”

“Jy sal eers die gras moet laat sny,” werp hy teë, “ en die dooie takke laat wegsleep,” maar sy slaan geen ag op hom nie.

“Of ? fête champêtre, en bootjies waarin ons op die meer kan gaan roei.”

“Die roeiboot lê al jare lank en rot in die boothuisie, as die bediendes dit nie opgekap het vir brandhout nie.”

“En ? bal kan ons hê, ? gemaskerde bal…”

“Met die vlermuise al langs die kroonlyste in die galery.”

*******************

“Hulle wag hul tyd af.” Hy moet gou maak: netnou kom die vroue terug en sal hulle hier wyn drink en praat hoe mooi die rose vanjaar blom. Vir hierdie mense, besef hy, gaan die lewe nagenoeg onveranderd voort, en die steurnis wat gekom het, is nòg eg nòg blywend, Liam op die baar en Colm met die bloed wat langs sy slape af loop.

“Hulle moet geskiet word, die laaste een!” verklaar die predikant, “uitgeroei soos ongedierte.” Hy lag. “Ek sien selfs jý begin belangstel in wapens, David.”

David kyk na die pistool in sy gordel en dink aan die ander in die saalsakke buite. “Ja,” sê hy vinnig. “Mag ek na u pistole kyk, dominee?” Merk die ou man niks nie? Wonder hy terwyl hy met bewende hande die pistole van die muur afhaal. Maar nee, hy glo nog aan sy wêreld en kan nie twyfel nie.

“Daar's ? paar goeies by,” merk hy op. “Maar dít is die doeltreffendste van die klomp – hy staan heeldag gereed ingeval ek hom nodig kry.” Glimlaggend gee hy die geweer vir David aan sodat hy dit kan inspekteer, en die glimlag verdwyn nog nie heeltemal nie terwyl hy kyk hoe David die wapens saam opneem. “Hoe dan nou, kêrel? Ek hoop jy gaan ons darem nie ontwapen nie.”

“Ek wil dit hê,” sê David, en sy stem en sy gesig laat die predikant skielik stil word.

“Wat die duiwel?” mompel hy.

“Ek vat dit,” sê David vinnig, so sag dat hy sy eie stem nie kan hoor nie bo die gedruis van bloed in sy ore. “As jy ? geluid maak, skiet ek jou. As jy iemand agter my aan stuur, skiet ek hulle ook.”

10.1 Hét Alice die winter op Donore meegemaak (r.1)? (1)

10.2 Hoe het David sy tyd gedurende die winter deurgebring? (1)

10.3 Watter invloed het Alice tydens die eerste lente op David se lewe gehad? (1)

10.4 10.4.1 Wie het die verandering (wat deur Alice begin is) in David se lewe voortgesit? (1)

10.4.2 In watter opsig het David toe verander? (2)

10.4.3 Hoe hou hierdie verandering by David verband met sy slotoptrede toe hy wapens gaan steel het? (2)

10.5 In r.27 word daar na "somer" verwys. Watter simboliese betekenis verkry hierdie seisoen in die roman? (1)

10.6 Watter leesteken wat in r.4 – 8 voorkom, illustreer die erns waarmee Alice praat? (1)

10.7 Verduidelik wat Alice se "… doel in die lewe." was (r.12) tydens haar kort verblyf op Donore? (1)

10.8 Watter karaktertrek van David word in r.10 uitgelig? (1)

10.9 10.9.1 Word "Bastille" (r.19) letterlik of figuurlik gebruik? (1)

10.9.2 Motiveer jou antwoord. (1)

10.10 Die stemming in r.10 – 22 is vrolik en opgeruimd. Skryf TWEE onderskeie sinne in r.10 – 22 neer wat Alice se vrolikheid weerspieël. (2)

10.11 Skryf TWEE frases in r.27 – 32 neer wat dui op die fisiese agteruitgang van die Donore-landgoed. (2)

10.12 In watter opsig kontrasteer David se houding met Alice se houding in r.27 – 35? (2)

10.13 Na wie verwys "hulle" (r.36)? (1)

10.14 Waarom is Liam op ? "baar" (r.39)? (1)

10.15 In watter opsig is die woorde van die predikant (r.41) ironies? (2)

10.16 Waarom word "jý" (r.42) beklemtoon? (1)

10.17 Wat is die funksie van die dubbelpunt in r.36? (1)

10.18 Watter verband is daar tussen Alice se woorde in r.12 – 13 en David wat wapens opneem (r.51 – 52)? (2)

10.19 Sou David, volgens jou mening, sy dreigemente in r.58 – 59 uitgevoer het? Motiveer jou standpunt. (2)
**[30]**

**OF**

## VRAAG 11

### *Fiela se kind* – Dalene Matthee

**_Fiela se kind_**

Hy het haar sommer aan die bos hare rondgetrek. “Vreksel! Julle het gedink julle kan met my mors, nè?”

“Nee, Pa.”

“Waar’s Lukas?”

“Ek weet nie, Pa. Ek het hom gaan soek, Pa.”

“Wat lieg jy daar?” Dit was ? kind wat so gladdebek soos ? houtkoper kon lieg.

“Ek het hom gaan soek, Pa. Eina, Pa!”

Daarby kon sy soos ? slagvark skree as jy haar vas het.

“Waar’s Lukas, vra ek ! ”

“Hy’t weggeloop. Pa. Ek het mooigepraat, maar hy wou nie omdraai nie.”

Hy het hom besimpel geskrik. As Lukas aangeloop het was daar moeilikheid. As die magistraat se ore dit moes hoor, was dit please explain vir Elias van Rooyen, en as die kind weer loop staan en verdwaal het, was dit ? groot gemors.

Hy het Nina aan die skouers beetgekry en geskud dat haar tande klap.

“Watter kant toe is hy?”

“Diepwalle se kant toe, Pa.”

Barta en Sofie en Malie het soos verskrikte goed by die agterdeur ingebondel en die wêreld kom donker staan.

“Waar het jy hom laas gesien?”

“In Kom-se-bos, Pa.”

“Hoe’t hy geweet om tot daar te kom?”

“Hy…hy…” Sy’t woorde gesoek. “Hy’t gesê hy ken die pad. Dis hoe langs julle met hom gekom het.”

“Dit was donker !”

“Elias…”

“Stil, Barta! Nina, as jy vandag vir my staan en lieg, maak ek jou vrek!”

“Hy gaat Lange Kloof toe, Pa. Ek sweer.”

Daar was net een ding te doen en hy moes dit gou doen. Toe hy die osriem van die spyker afruk, het Barta hom aan die arm beetgekry.

“Elias, wat maak jy nou?”

“Ek moet hom inhaal, Barta. Wat anders? Kry reg die lantern en gee my baadjie. Ek wil die klein vloek vang voor hy sy voete in die hardepad sit, en dit mag eers teen donker wees!”

***************

Wanneer daar vir Benjamin geskryf moes word, het hulle om die witgeskropte kombuistafel gaan sit soos vir die Bybel.

“Is die potlood skerp, Kittie?”

“Ja, Ma.”

“Moenie die blad se punt so onder jou arm laat omkrul nie. Die brief moet netjies by hom aankom, hy moenie hom skaam nie.‘

Selling het sy hande voor hom op die tafel gevou en gewag dat Kittie die aanhef moes neerskryf. Fiela het hom altyd toegelaat om Kittie eerste voor te sê, maar op hierdie dag sou hy moes terugsit, want die kommer in haar hart was te groot om te wag. Twee keer het die poskar gekom en gegaan sonder ? brief van Benjamin.

“Pa kan maar sê wat ek moet skryf.”

“Jou pa sal nie vandag eerste sê nie. Ek sal begin.”

“Maar, Fiela!”

“Stil. Skryf vir hom Ma sê dit lê donker in Ma se gemoed oor hom. Ons het nie van hom

gehoor nie. As dit goed gaan en hy's gesond, is alles reg, maar as dinge vir hom verkeerd loop staan bodder het, moet hy skryf wat meer as bid ons vir hom kan doen. Sê vir hom Ma sê…"

"Stadig, Ma."

Die Here weet waarom daar so ? onrus in haar was oor hom. Die hele nag ook weer. Ná hy weg is, het hy net eendag onderaan ? brief geskryf die vrou sê hy is die kind. Hy *is* Lukas van Rooyen. Nie ? woord verder nie. ? Ding wat swaar op jou druk, druk vir jou stil. Sy weet.

"Skryf vir hom Ma sê: Om te gaan lê is een ding en om weer op te kom ? ander. Af is makliker as op, maar as jy eers weer op is, kry jy krag om op te bly en…"

"Stadig, Ma. Ek is nou maar eers by die tweede op."

"Skryf mooi, Kittie, moenie jou letters so groot maak nes ? kind nie."

Sy het nou wel nie meer self die potlood gevat om te skryf nie, maar dit was nie te sê dat sy nie meer geweet het wat reg skryf is nie. In haar dae het hulle nog met die gansveerpen en ink wat haar pa van kruit en asyn aangemaak het, geskryf. Netjies.

Selling het begin kriewel.

"Sê vir Benjamin Ma sê hy moet huis toe kom as dinge te swaar op hom druk. Sê vir hom ons bou al op die ander grond."

"Moet ek vir hom van Tollie skryf, Ma?"

"Nee."

"Ons sal vir hom van Tollie móét skryf, Ma."

11.1 Watter karaktereienskap van Elias blyk uit r.1? (1)

11.2 Watter karaktereienskap van Nina word met behulp van die vergelyking in r.6 te kenne gegee? (1)

11.3 Watter emosie word weergegee met die uitroepteken in r.9? (1)

11.4 Waarom, dink jy, word die Engelse frase "… please explain …" (r.12) gebruik? (1)

11.5 Wat word geïmpliseer met die opmerking dat Barta-hulle "die wêreld kom donker staan" (r.18)? (2)

11.6 Wat is die funksie van die ellips in r.25? (1)

11.7 Na wie verwys julle in r.22? (1)

11.8 Watter aanduiding is daar in r.28 – 30 dat Barta vir Elias probeer kalmeer het? (1)

11.9 Dink jy Elias se hardhandige optrede teenoor Nina in r.1 – 26 is geregverdig? Motiveer jou standpunt. (2)

11.10 Waarom spreek Elias vir Benjamin aan as "Lukas" (r.4)? (1)

11.11 Waarom voel Elias dat hy nie ? keuse het nie (r.31); hy móét Benjamin opspoor? (1)

11.12 In watter opsig verskil die Van Rooyen-gesin van die Komoetie-gesin as r.34 – 35 in ag geneem word? (2)

11.13 Wat is die funksie van die eenwoordsin in r.47: "Stil"? (2)

11.14 Verduidelik in jou eie woorde wat Fiela bedoel met "… dit lê donker in Ma se gemoed oor hom …" (r.47). (1)

11.15 Waarom word die woord "*is*" (r.53) kursief gedruk? (1)

11.16 In r.55 – 56 sinspeel Fiela op die skuldgevoelens wat Benjamin ervaar. Waaroor het hy skuldig gevoel? (1)

11.17 Uit watter optrede van Selling in r.60 – 64 kan ? mens aflei dat hy ongeduldig begin word? (1)

11.18 11.18.1 Watter nuus wil Kittie aan Benjamin oordra rakende Tollie (r.65 en r.67)? (1)

11.18.2 Waarom wil Fiela nie hierdie nuus aan Benjamin bekendmaak nie (r.66)? (1)

11.19 Waarna verwys "… die ander grond" (r.64)? (1)

11.20 Op watter wyse word die woord "Netjies" (r.61) uitgehef? (1)

11.21 Lees weer r.63. Benjamin het twee ander tuistes ook "huis" genoem. Waarom was dit juis tydens sy verblyf by Kaliel dat sy identiteitskrisis opgevlam het? (2)

11.22 Wat lei ons af van Fiela se lewensingesteldheid in r.51? (1)

11.23 Is Selling na jou mening die hoof van die Komoetie-gesin? Motiveer jou standpunt. (2)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 12

***Toorberg* – Etienne van Heerden**

***Toorberg***

Toe die stilte te lank word, steek hy nog ? sigaar aan. “U gee nie om nie?” vra hy toe die aansteker se vlammetjie al voor die sigaarpunt bewe. “Wat mý eintlik sou bekommer,” kenter hy haar dan, “is die feit dat die kinders bloedfamilie is: hulle is tog kleinniggie en kleinnefie.”

Sy haal haar skouers op. “Die boere teel in mekaar in. Dis ? klein gemeenskap. Dit gebeur al jare. Is Tillie nie juis ? voorbeeld daarvan nie? En ook klein Noag?”

Hy knik. “Mevrou,” sê hy dan, “ek wil u tóg weer vra. Wanneer, na u mening, is Noag du Pisani oorlede?”

Sy sug en vat aan haar bolla. “As ek geweet het, sou ek u reguit gesê het,”

“Ek hoop so,” spot hy liggies deur die blou rook. “U sien, dit kan wees dat hy reeds dood was toe almal gemeen het hy lewe nog.”

Hy sien hoe haar gesig sluit soos haar gedagtes teruggaan. Sy skud haar kop. “Ek sal nie kan sê nie.”

“U sien, toe die skoot klap…” Maar voor hy die sin kan voltooi, staan sy op.

“Ek skink vir ons nog ? bietjie tee.”

“Nee dankie, regtig nie.” Toe sy weer sit, gaan hy voort: “U wil nie aan die insident herinner word nie?”

“Die kind het in my klas gesit. Ek het Noag goed geken.”

“Kón mens hom ken?”

“Hy was effens agter… vertraag, as u wil. Maar ? liewe kind.”

“Hoe erg vertraag?”

“Nie te erg nie. Hy kon bietjie lees, bietjie skryf. Miskien was hy net agter in sy ontwikkeling. Hy was ook so min op skool, bedags ál agter sy pa aan, as dié water soek in die veld.”

“Sou u sê dat hy per abuis in ? boorgat sou val, of is dit moontlik dat hy, weens sy verstandelike agterstand, dalk…”

“Ek sou nie weet nie, meneer. Ek kan nie sien hoe hy sommer in ? gat sou gaan afval nie. Dit moes ? ongeluk gewees het.”

******************************

“Noag!” skree hy. Almal verstar ? oomblik. Hulle besef dat dit die eerste keer is dat Abel Moolman sy kleinkind op sy naam noem. “Noag!” roep Abel in die gat af. “Hier kom ? kabel en ? stok na jou af. Ek sal dit stadig laat sak. Noag, kyk of jy die stok kan vasvat, ons gaan jou optrek. En hou jou kop eenkant as die tou insak, hy moet verby jou kop sak sodat jou hande dit kan vat. Hou vas hom styf, moenie los nie. Hoor jy my, Noag?”

Druppeltjie du Pisani antwoord nie. Abel sit op sy hurke en vee weer sweet uit sy oë. Hy knik vir die bestuurder en terwyl die windas stadig tru draai, voer hy die kabel in die gat af, hand oor hand, versigtig. Uiteindelik beduie hy dat dit ver genoeg is.

“Noag!” roep Abel weer. “Kan jy die stok bokant jou voel?” Daar kom geen geluid nie. “Bring die flits,” beveel hy. Hy tuur met die flits af in die gat. Dan skud hy sy kop: “Sy arms sit langs sy sye vas. Hy kan nie die kabel vasvat nie.”

Ella laat haar gesig in haar hande sak. Abel kyk om na haar. “Gaan huis toe, Ella,” beveel hy. Maar sy skud haar kop.

Nogmaals roep hy na Noag. Toe daar geen antwoord is nie, draai hy ergerlik na Ella.

“Ek blý,” sê sy beslis.

“Katrol op!” beduie Abel na die bestuurder. Die kabel wen stadig op tot die hamersteel verskyn “Ons sal hom moet haak,” sê Abel. Hy kyk na Ella, toe na Kaatjie Danster. “Vat jou motorfiets, DwarsAbel,” sê hy dan. “Bring een van die slaghake in die koelkamer.”

“Daar moet ? ander manier wees,” kom Posmeester tussenbeide.

Abel stof sy hande teen sy heupe af. “Daar is nie,” sê hy kortaf. “Daar is stof daar onder. Die kind gaan verstik. Ons moet hom uitkry voor sy asem op is.”

DwarsAbel skop sy fiets aan die brand en verdwyn in die voetpaadjie. Die blou uitlaatdampe hang tussen die bome. StamAbel kyk hoe Abel oor sy oë vee, hoe Amy haar hand bekommerd op Koevert se arm sit. Kaatjie Danster het nie versit nie, maar sy lyk nou nóg ouer met die skaduwees wat oor haar val.

En StamAbel en Ouma Magtilt dwaal verder. Hulle weet wat die lewendes nie weet nie: Toorberg se aarde gee nie terug wat hy geneem het nie.

12.1 Watter TWEE karakters voer in r.1 – 31 ? gesprek? (2)

12.2 Watter handeling van een van die sprekers in r.8 – 13 dui aan dat sy die vrae wat aan haar gestel word verontrustend vind? (1)

12.3 Na wie verwys “… die kinders …” in r.4? (2)

12.4 Wat is die funksie van die dubbelpunt in r.4? (1)

12.5 Is dit na jou mening aanvaarbaar as “bloedfamilie” (r.4) in liefdesverhoudings betrokke raak? Motiveer jou standpunt. (2)

12.6 Wat is die verwantskap tussen “Tillie” (r.6) en “Noag” (r.7)? (1)

12.7 Wat is die funksie van die ellips in r.23? (1)

12.8 Uit watter optrede van die spreker in r.15 – 20 kan ons aflei dat sy nie aan Noag se dood herinner wil word nie? (1)

12.9 Waarom is “soek” (r.27) ? gepaste woordkeuse in daardie sin? (1)

12.10 Verduidelik wat bedoel word met “… per abuis …” (r.28). (1)

12.11 Verduidelik Abel se veranderde houding jeens Noag wat in r.32 – 38 geïllustreer word. (2)

12.12 Watter handeling van Ella in r.47 – 51 dui daarop dat sy moedeloos voel? (1)

12.13 Was daar na jou mening “… ? ander manier …” om Noag uit die boorgat te kry (r.56 – 59)? Motiveer jou standpunt. (2)

12.14 Watter woord in r.47 – 48 dui op Abel se baasspelerige houding? (1)

12.15 Waarom is Abel so "kortaf" met Posmeester in r.57? (1)

12.16 Watter aanduiding is daar in r.43 – 50 dat Noag moontlik alreeds dood is? (1)

12.17 Waarom is "… dwaal …" ? besonder goeie woordkeuse in r.65? (1)

12.18 Van watter TWEE onderskeie families is Ella en Kaatjie (r.54) moederfigure? (2)

12.19 Wat impliseer die woorde in r.66 – 67 in verband met Noag: "Toorberg se aarde gee nie terug wat hy geneem het nie"? (1)

12.20 Verduidelik waarop die naam "DwarsAbel" (r.54) dui. (1)

12.21 Watter aanduiding is daar in r.56 – 59 van die heersende droogte op Toorberg? (1)

12.22 Waarop sinspeel die naam Noag? (1)

12.23 Is jy ook van mening dat Druppeltjie se val in die boorgat (r.31) ? ongeluk was? Motiveer. (2)

**[30]**

**OF**

**PARAGRAAFTIPE VRAAG**

Beantwoord hier **Vraag 13** óf **Vraag 14**, óf **Vraag 15** óf **Vraag 16**, afhangende van die voorgeskrewe roman wat jy behandel het. Hou by die vereiste lengtes en gee baie aandag aan die taal en styl wat jy gebruik.

**VRAAG 13**

***Kringe in ? bos* – Dalene Matthee**

13.1 Van die opvallende temas van hierdie roman is die waarde van ? mens se verhouding met homself, sy verhouding met sy medemens en sy verhouding met die natuur. Bespreek hierdie stelling in 200 – 250 woorde waarin jy veral aandag gee aan die volgende aspekte:

- Saul se ideale en strewe; en of hy sy ideale verwesenlik het
- Saul se verhouding met sy medemens: die bosmense, dorpsmense en delwers
- Die harmonie of gebrek aan harmonie tussen die mens en die natuur in die roman
- Jou eie opinie of ? harmoniese voortbestaan tussen die mens en die natuur moontlik is **(15)**

13.2 In hierdie roman is daar verskeie sake waaroor Saul Barnard en MacDonald dit nie eens is nie. Bespreek hul konflikterende sieninge in 200 – 250 woorde waarin jy veral aandag gee aan die volgende aspekte:

- Hul botsende sieninge oor MacDonald se besigheidspraktyke
- Hul botsende sieninge oor Saul se vriendskap met Kate
- Hul botsende sieninge tydens die gouddelwery
- Jou eie siening oor die kernoorsaak van hierdie botsings; en waarom hierdie konflikterende sieninge nie suksesvol in die verhaal opgelos word nie (15)

**[30]**

**OF**

**VRAAG 14**

***By fakkellig* – Karel Schoeman**

14.1 "Dood is niks om voor bang te wees nie … Dit is nie moeilik om dood te gaan nie – dit is vir die lewe dat jy moed nodig het, seun." Bespreek die moeilike lewensomstandighede van die Ierse boerevolk in 200 – 250 woorde deur te verwys na die volgende aspekte:

- Hul armoede en bedelaarsbestaan
- Die leefwyse van die grondeienaars teenoor hul leefwyse
- Hul gebrek aan enige regte
- Hul griewe en redes vir hul opstand
- Die Engelse grondbesitters, veral ds. Burnwood, se siening van hulle
- Jou mening of hul enigiets bereik het met hul opstand teen die Engelse grondbesitters. Motiveer jou standpunt. (15)

14.2 David is ? onbetrokke buitestander wat afsydig staan teenoor die gebruike van die Engelse grondbesitters, dog aanklank vind by die Ierse boerevolk. Bespreek hierdie stelling in 200 – 250 woorde met verwysing na die volgende aspekte:

- Sy afsydigheid teenoor die Engelse grondeienaars
- Sy vriendskapsverhouding met Liam en Séamas
- Sy vriendskap met die Ierse boerevolk
- Wat na jou mening aanleiding gegee het tot sy uiteindelike betrokkenheid by die Ierse opstand (15)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 15

***Fiela se kind* – Dalene Matthee**

15.1 Opvallend by die lees van hierdie roman, is die geweldige kontraste wat in die werk uitgebeeld word. Bespreek die volgende belangrike kontraste en die invloed daarvan op Benjamin se lewe in 300 – 400 woorde:

- Kontras tussen die geografiese ruimtes: Wolwekraal in die Lange Kloof en die Bos
- Kontras tussen Benjamin se twee vaders
- Kontras tussen Benjamin se twee moeders
- Kontras tussen Benjamin se susters
- Het die kontraswerkinge ? negatiewe effek op die lewe van Benjamin gehad? Motiveer jou standpunt. (20)

15.2 Tydens Benjamin/Lukas se verblyf by die see is dit veral Kaliel, John Benn en Nina wat belangrike invloede in sy lewe word.
Bespreek die stelling in 180 – 200 woorde met verwysing na die volgende aspekte:

- Kaliel se ideaal, en waarom dit nie verwesenlik word nie
- In watter opsigte Kaliel Benjamin/Lukas se lewensomstandighede verander het
- In watter opsigte John Benn Benjamin/Lukas se lewensuitkyk verander het
- In watter opsig Nina Benjamin/Lukas se lewe verander het
- Jou eie mening waarom Benjamin, ten spyte van sy liefde vir die see, terugkeer na Lange Kloof (10)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 16

***Toorberg* – Etienne van Heerden**

16.1 "Die Moolmans is ? familie wat van oerdae vir hul eie sondes leer sorg het". Bespreek hierdie stelling in 200 – 250 woorde waarin jy veral aandag skenk aan die volgende aspekte:

- Floors Moolman se "sonde" en hoe dit sy lewe beïnvloed het
- Posmeester Moolman se "sonde" en hoe dit sy lewe beïnvloed het
- De la Rey se "sonde" en die impak daarvan op sy lewe
- KênsTillie Moolman se sonde en die impak daarvan op haar lewe
- Met watter EEN van bovermelde karakters het jy die meeste simpatie?
  - o Motiveer jou standpunt. (15)

16.2 "Die storie van water, is die storie van die Moolmans." Bespreek hierdie stelling in 200 – 250 woorde met verwysing na die volgende aspekte:

- Watter rol water gespeel het in StamAbel se besluit om die plaas Toorberg aan te lê
- OuAbel se probleme met water en sy poging om ? konstante watervloei op Toorberg te verseker
- Abel se probleme met water en sy pogings om ? konstante watervloei op Toorberg te verseker
- Dui aan in watter opsig Druppeltjie se dood verband hou met die Moolmans se soeke na water. (15)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**